

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 2

Fisiese veilings in verlede
Covid-19 het die tradisionele manier van lewendige veilings verander en die nuwe 'normaal' digitaal op besighede geforseer.

>>> BLADSY 3

Metropolitan gee terug
aan gemeenskap en handig maskers oor aan Heilbron Korrektiewe Dienste en Clover Heilbron.

>>> BLADSY 6

Vet tjek gaan "hop"
Die manne met die dik tjekboeke sal hulle eersdaag moet inruil vir knoppies op die rekenaar.

PHIRITONA SKOOL "COVID CLUSTER"



Op dag 105 van die inperkingsperiode besoek SABC Nuus Phiritona Sekondêre skool weens 'n uitbraak van Covid-19. Die Covid-19 gevalle het die afgelope tyd vinnig gegroei in Heilbron en nadat Hoërskool Heilbron laas week die Matriekklas huis toe moes stuur as gevolg van die virus het ouers bekommerd begin raak. Phiritona skool het 7 bevestigde gevalle volgens SABC se uitsending en onderwysers keer steeds terug skool toe, ongeag die omstandighede. Soos ontvang vanaf die Departement van Gesondheid is

vyf van die skool se onderwysers positief vir die virus getoets nadat 'n Graad 12 leerling met hulle in nabye kontak gekom het. Daar is gister op Facebook aangekondig dat die skool vir alle graad 11 en 12 leerlinge hervat het, maar die opmerkings na die plasing dui daarop dat die gemeenskap ongelukkig is oor die saak. "Seven (7) teachers Phiritona Sec School have Covid-19, this thing is getting serious, can u stay safe Maphiritona" het een sy opinie gedeel. Die Departement is verantwoordelik vir die kontakopspring en bevestig dat die

gevalle vinnig kan styg voordat die laboratorium die resultate aanstuur van toetse wat gedoen is. Verskeie gerugte word versprei dat 8 en selfs 10 gevalle by die skool bevestig is. Die oomblik wat 'n persoon getoets word vir die virus moet onmiddellike isolasie plaasvind. Die skoolhoof van Phiritona is onbereikbaar vir kommentaar en daar is nie antwoord by die skool se landlyn nie. Die Voorsitter van die beheerliggaam se selfoon skakel ook

dadelik oor na 'n stempos-opname. Hierdie tipe gevalle veroorsaak paniek, veral nadat die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie, Blade Nzimande, gesê het die einde van die akademiese jaar 2020 sal waarskynlik in die 2021-kalender val. Verskeie skole word herhaaldelik forseer om hul deure tydelik te sluit weens Covid-19 en talle persone deel die mening dat die inperkingsperiode wat skole betref te vroeg beëindig is.

Suid-Afrika het die 200 000-kerf vir Covid-19 infeksies verbygesteek.

Die jongste getalle toon dat daar 215 855 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 3 502 en reeds 102 299 mense het van die virus herstel. 603 van die bevestigde gevalle in SA is aktief in die Fezile Dabi distrik soos ontvang 7 Julie. Die jongste inligting deurgegee aan Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 6 Julie en dui aan Ngwathe 109 bevestigde Covid-19 gevalle en Heilbron staan tans op 43 gevalle. Provinsiale Geboue in Fezile Dabi wat tydelik gesluit is om toe te laat dat dekontaminasie vir Covid-19 plaasvind sluit in Vrededorst SAPS gesluit op 8 Julie tot verdere kennisgewing en Sasolburg SAPS gesluit op 8 Julie tot en met verdere kennisgewing.

COVID-19
WAT JY VANDAG MOET WEE

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 056 813 10/1
E-pos: frankfort@bkbkouwid.co.za
www.bkbkouwid.co.za
Reg. No. 2005/026171/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

SKOKKENDE STATISTIEKE

Verskeie bekende handelsmerke word bankrot verklaar en baie groot ondernemings staan mislukking in die gesig onder die gewig van die nuwe kroonpandemie. Die Wêreldgesondheidsorganisasie het die uitbraak op 30 Januarie 2020 as 'n krisis vir openbare gesondheid en 'n pandemie op 11 Maart verklaar. Suid-Afrika se nasionale inperkingsperiode het begin op 26 Maart en is dit sedertdien 15 weke waarin baie skuld gemaak is. Ons mense staan in die gesig wat nie beheer kan word nie en die tweede helfte van 2020 gaan 'n korporatiewe uitdaging wees. Hierdie jaar gaan oor oorlewing, maar diegene wat dit kan uitbuit, sal ook daarin slaag om ongeëwenaarde hoogtes te bereik hierdie jaar! Indien jy nog werk het, of steeds 'n suksesvolle besigheid bedryf, is daar baie om voor dankbaar te wees.

Hier is hoekom:

1. Victoria's Secret het bankrotskap verklaar.
2. Zara het 1 200 winkels gesluit.
3. La Chapelle het 4 391 winkels onttrek.
4. Chanel word gestaak.
5. Hermes word gestaak.
6. Patek Philippe het produksie gestaak.
7. Rolex het produksie gestaak.
8. Gold's Gym het 'n aansoek ingedien om bankrot verklaar te word.
9. Die stigter van AirBnB het gesê dat as gevolg van die pandemie, 12 jaar se insette binne 6 weke vernietig is.
10. Starbucks het aangekondig dat hul 400 winkels permanent sluit.
11. Prada het 127 winkels wêreldwyd gesluit.
12. Domino's Pizza het 553 winkels wêreldwyd gesluit, met 'n verlies van \$833 miljoen.
13. Anglo American - Suid-Afrika het meer as 1 800 personeellede afgelê.
14. Flight Centre sluit 117 takke in Afrika.
15. Pentravel sluit 32 takke in Suid-Afrika.

Bron: The Mazatlan Post

NGWATHE BEGROTING GOEDGEKEUR

Ngwathe munisipaliteit se begroting vir die 2020/2021 jaar is op Vrydag 26 Junie 2020 tydens 'n virtuele raadsvergadering goedgekeur. Tariewe vir die jaar styg oor die algemeen matig met koerse van 4,5% vir rioolgelde, vullisverwyderingsgelde en erfbelasting. Watertariewe styg met 6,6% en elektrisiteit met 'n voorgestelde 6,24%. Elektrisiteits-tariefverhogings moet egter deur die nasionale reguleerder, Nersa, goedgekeur word voordat dit geïmplementeer kan word. Die nuwe tariewe tree op 1 Julie, wanneer die nuwe boekjaar begin, in werking. Uit publieke oord was heelwat besware teen die voorgestelde tariefverhogings deur die munisipaliteit ontvang. Baie daarvan was gemik teen die salarisverhogings wat onlangs vir raadslede en senior bestuurders goedgekeur was, ten spyte van teenstand deur die Vryheidsfront en DA raadslede. Ander beswaarmakers meen geen tariefverhogings behoort goedgekeur te word voordat die gehalte van dienslewering nie eers verhoog is nie. VF Plus raadslid Phillip van der Merwe het tydens die vergadering die besware uitgelig vir oorweging, maar die teenargument dat munisipale koste beslis ook deur inflasie beïnvloed word en derhalwe ook minstens met die inflasiekoerse aangepas moet word, kon nie geïgnoreer word nie. Die munisipaliteit se grootste probleem bly daarin gesetel dat sy begrote inkomste nie realiseer nie. Kragdiefstal en wanbetaling vir ander dienste speel hier 'n enorme rol. Opposisiepartye was dit eens dat strenger maatreëls daargestel moet word om die invordering van inkomste te verbeter. Die Finansiële Komitee is dan ook opdrag gegee om 'n daadwerklike plan uit te werk en aan die Raad voor te lê met voorstelle en maatreëls om invordering van die begrote inkomste te verbeter. Raadslid Phillip van der Merwe het verder voorgestel dat baie strenger maatreëls teen kragdiewe ingestel word. Dit behels onder andere dat 'n eerste oortreder se krag summier gesny sal word. Daar sal dan 'n skatting gedoen word van kragverbruik gedurende die diefstalperiode en die kragdief sal dit sowel as 'n boete en heraansluitingsfooi moet betaal voordat krag weer voorsien mag word. Daarbenewens moet 'n strafperiode van 30 dae eers verloop voordat heraansluiting gedoen sal word. In geval van 'n tweede oortreding is geskatte verbruik, 'n heelwat groter boete en die heraansluitingsfooi ook toepaslik, maar 'n strafperiode van 180 dae is dan van toepassing voordat heraansluiting sal geskied. Die voorstel is deur die Raad aanvaar en die Finansiële Komitee moet nou die wysiging van die tersake Bywet voorberei om uitvoering daaraan te gee. Kortings op erfbelasting vir pensioenarisse is vir die jaar vasgestel op 100% vir gesinsinkomste van minder as R4 200,00 per maand, 60% vir inkomste van R 4 201,00 tot R 4 660,00 per maand, 30% vir inkomste van R 4 661,00 tot R 7 252,00 per maand en 15% vir inkomste van R 7 253,00 tot R 7 850,00 per maand. Om vir die korting te kwalifiseer moet pensioenarisse elke jaar tussen 1 Julie en 31 Augustus formeel daarvoor aansoek doen.

FISIESE VEILINGS IN VERLEDE

Covid-19 het vir ewig die tradisionele manier van lewendige veilings verander en het die nuwe 'normaal' digitaal op besighede geforseer indien hulle winsgewend en relevant wil bly. Alhoewel landbouveilings tydens die inperking toegelaat is, moes die sektor ook innoveer en in aanlynveilings groei. Joff van Reenen was 'n spreker by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Afslaaers (SAIA) se eerste aanlyn-webinaar om die implikasies van Covid-19 op die afslaaersbedryf te bespreek. "Covid-19 het gedoen wat ons maatskappy al tien jaar probeer bereik – dit het mense gedwing om virtuele veilings te probeer. As ons nou ons gehore ondervra, wil niemand uitsluitlik teruggaan na die ou manier van dinge doen nie. Aanlynveilingsplatforms het die perfekte plek geword om van sekere items in sekere markte ontslae te raak en ons glo dat hierdie deel van die afslaaersbedryf sal groei," sê Van Reenen. Facebook aanlynveilings het onlangs al meer algemeen geraak en aanlyn verkope het volgens 'n onlangse ondersoek oor die impak van die inperking op verbruikersgedrag in Suid-Afrika, 'n skerp toename getoon in Suid-Afrikaners wat aanlyn inkopies doen. Daar is nou 37% meer mense wat nou koop as gevolg van die inperking en dalk ook weens die vrees om die virus op te doen. Afslaaers wat nog nie aanlyn-tegnologie gebruik nie, is aangeraai om dit onmiddellik te doen en deel te word van die toekomstige groei van die bedryf. Namate nood aankope meer gereeld voorkom, sal die behoefte vir meer veilings in die komende maande toeneem. Aanlynveilings sal nie alle veilings kan vervang nie, aangesien baie kopers nog steeds hul aankope wil sien en ondersoek voordat hulle 'n finale aanbod maak. Hoewel foto's en video's van hoë gehalte moontlik voldoende is aan die vereistes, sal sommige kopers moontlik nie volgehoue vertroue hê in aanlynplatforms nie. Fisiese veilings sonder digitale komponente is 'n saak van die verlede in baie industrieë.

Bron: Mediaverklaring, 8 Julie 2020 deur Media Savvy Communications, Raymond Campling.

METROPOLITAN GEE TERUG AAN GEMEENSKAP

Metropolitan is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer. Met 'n nalatenskap van meer as 120 jaar, dien en bemagtig Metropolitan Suid-Afrikaanse gemeenskappe met toeganklike finansiële oplossings deur die beste en uitdagende tye. Covid-19 het orals in Suid-Afrika 'n groot impak gehad en daarom besoek Metropolitan verskeie gemeenskappe om terug te gee aan die mense. Nie net kliënte word bedien nie, maar maskers word ook gegee aan polisiestasies, hospitale en skole. Hulle het onlangs Heilbron besoek en maskers oorhandig aan Heilbron Korrektiewe Dienste en Clover Heilbron. Van hier af besoek Mnr. Rapule Mahlangu

Phuthaditjhaba en sal daarna Mnr. Pieter van Dyk in Bethlehem ontmoet om daar ook maskers aan die gemeenskap te oorhandig. *Op die foto regs: Gerald Greyling, Takbestuurder van Metropolitan in Heilbron, Elana Bester van Clover Heilbron, Rapule Mahlangu, Rekeningbestuurder van Metropolitan en Pieter van Dyk, die Streeksbestuurder van Metropolitan. Op die foto links: Gerald Greyling, Takbestuurder van Metropolitan in Heilbron, Zacharia Mholo van Heilbron Korrektiewe Dienste, Rapule Mahlangu, Rekeningbestuurder van Metropolitan en Pieter van Dyk, die Streeksbestuurder van Metropolitan.*



Covid-19 Back to School Checklist

2m

← →

REMINDERS

- ✓ Show love to friends and teachers by using the elbow, foot, or Japanese greeting
- ✓ Don't hug, kiss or shake hands.
- ✓ Wash hands as often as possible
- ✓ Keeping a distance from your friends is important
- ✓ Show your child what a two metre distance looks like

My mask protects you. Your mask protects me.

Even if you don't have symptoms, masks are important to reduce the spread of COVID-19.


Please wear fabric masks in public. Always wash masks between use.

Without a Mask

- Your cough or sneeze travels farther
- More germs are released in the air and onto surfaces
- More people can get sick from your germs

With a Fabric Mask

- Your cough or sneeze is more contained
- Fewer germs are released
- More people are protected from your germs



BESIGHEDE COVID-GESLUIT

Beide ABSA en Jet in die dorp is gesluit, vermoedelik weens Covid-19. Teen Jet se deure is daar slegs 'n kennisgewing wat aandui dat die besigheid tydelik gesluit is en weer vandag heropen. ABSA gee geen aanduiding van die situasie nie en volgens gerugte is die bank ook as gevolg van die virus gesluit.



UIT DIE PEN



Ek het al my sê gesê oor bedelaars by die verkeerslig. Behalwe dat hulle baie inisiatief aan die dag lê, kan ek ook lekker vir hulle giggel. Maar daar is hoofsaaklik drie redes waarom ek meeste van die tyd nie vir hulle 'n geldjie in die hand stop nie. Eerstens pers hulle jou af: die Here sal jou seën as jy iets gee, sê die bordjie wat hy voor hom hou. Of hy staan op sy knieë op die teerpad. Dan wonder ek: gaan ek die seën misloop as ek nie gee nie? Meeste van die tyd is ek bereid om die kans te waag. Dan probeer hulle jou emosioneel manipuleer. Min mense kan 'n oulike kuiltjekind weerstaan. 'n Kind met 'n gebrek roer ook die hartsnaar. Die verkeersligbedelaars weet dit, want daar is selfs mense wat geld maak daaruit om gebrekkige kinders te verhuur aan bedelaars. Derdens gun hulle jou g'n privaatheid nie, want jy het so pas by die verkeerslig gestop of die persoon stap rondom jou kar en

loer by die vensters in. (Dan voel ek nog skuldig as ek aan iets kou wanneer hulle my so beloei, die kos word sommer dik in my keel.) Twee blokke van my werkplek is 'n groot kruising. Vier bane van suid na noord en drie bane van oos na wes. So drie weke gelede merk ek 'n man die kruising op wat ek nog nooit voorheen daar gesien het nie. Seker so begin dertigs, skat ek as ek na die liggaamsbou en liggaamshouding kyk. Maar die lewe het hom hard gemaak. Sy gesig lyk soos gebreide leer en sy hare staan soos 'n grasbesem. Sy klere is skoon maar gehawend. Hy staan in die pad maar met geen bordjie om sy nek wat voornemende donateurs die seën van die Here belowe nie. Of met 'n bordjie wat sê: "My ex-wife had a better lawyer" nie. Hy staan net en staar voor hom uit. Ek draai my venster 'n skrefie oop en gee vir hom 'n geldjie aan. 'n Glimlag breek sy gehawende gesig oop. Daar is 'n vermiste tand in die bo-kaak, sien ek. Hy prewel: "Baie dankie, dis nie vir my nie, maar dankie." Sy dankbaarheid vloei tot by my. Hy trek sy mou op en ek sien die naam "Dylan" in gotiese skrif op sy voorarm getatoeër. "Dis vir Dylan. Hy is my seun." Verbeel ek my of swel sy bors effens toe hy dit noem? Die verkeerslig is groen vir my en ek ry dadelik, want daar is 'n string karer agter my. Ek onthou later van my ma se stokou oranje kombers. So ene met bruin

en wit strepe aan die kante. Ek gaan soek die kombers iewers deur die nag en pak dit die volgende dag in my kar. Dylan se pa is nie op sy plek nie. Vir drie dae is sy plekkie leeg. Een middag toe ek huis toe ry, sien ek hom weer daar staan. Ek moet oor die kruising ry, 'n u-draai aan die ander kant maak en weer terugkom om nader aan hom te kom. Ek wink Dylan se pa nader en draai weer my venster af. Ek prop die lelike, stokou oranje kombers deur die venster. "Warm slaap, ou maat." Dylan se pa begin huil en ek neem aan dit is as gevolg van blydschap en nie omdat die oranje kombers so afgryslig is nie. Ek sien hoe loop daar 'n traan deur die afgeleefde *leer-gesig*. "Dankie tannie, baie, baie dankie!" Hy druk die lelike kombers teen sy gesig vas. Weereens verander my verkeerslig en ek moet ry. Terwyl ek huis toe ry, huil ek saam met Dylan se pa. Of Dylan regtig sy seun is, sal ek nie weet nie, maar ek weet hoe lyk opregte dankbaarheid. Ek bel my vriendin en wil vir haar vertel hoe graag wens ek dat ek nog en nog en nog vir hom kon gee. Ek huil soos 'n baba omdat ons so baie het en omdat daar mense is wat bly is oor 'n stokou oranje kombers. Ek onthou dat hier nog so 'n kombers iewers lê en 'n paar dae daarna prop ek die ander kombers ook in my kar. Ek ry seker 'n week lank met die kombers in my kar rond in die hoop om Dylan se pa iewers

te sien. Maar helaas. Een middag, in spitsverkeer, staan Dylan se pa weer sommerso voor my. Ek druk weer die oranje kombers deur die vensterskrefie. "Hier is die ander oranje kombers se maatjie." Hy kyk verwonderd en sê: "Nou kan ek die kombers omruil as die een nat raak van die dou." Daar is weer 'n paar trane wat hul weg oor my wange vind. Dylan se pa gaan sit dadelik die oranje kombers tussen sy bondeltjie goed neer. Hy kyk een keer om en waai vriendelik. Hiermee wil ek nie sê dat jy altyd vir enige bedelaar iets moet gee nie. Maar luister mooi na, wat ek glo, Heilige Gees se fluistering is. Almal langs die pad is nie Dylan se pa wie dankbaar is vir 'n stokou, lelike oranje kombers nie. Daar is diegene wat kanse vat en nie twee keer sal dink voordat hulle die laaste lewe uit jou kan pers nie. Die lekkerte van hierdie lelike, oranje kombers was om die uitdrukking in Dylan se pa se gesig te kon sien. Pure dankbaarheid. Het jy nie dalk iets wat jy vir iemand kan gaan gee nie? Dit hoef nie duur te wees nie. Wat van net 'n blommetjie uit jou tuin of 'n appel wat in elk geval gaan vrot word? Gee vandag nog iets. Ek waarborg jou dat dit jou lewe totaal gaan verander. Maar gee sonder om terug te verwag.

MAMMOTH IN SA

Die wollerige olifant tipe dier besoek Suid-Afrika, maar ongelukkig nie soos ons dit graag wil hê nie... Dit is weer tyd om die verwarmers aan te skakel en ekstra kombers uit te haal ter voorbereiding vir hierdie massiewe koue front wat Suid-Afrika se strande nader. Die hele weer-gemeenskap het hulle oë op die massiewe kouefront wat besig is om te ontwikkel oor die Suid Atlantiese oseaan en teen Donderdag die land tref. Geniepsige koue temperature is reeds hierdie week beleef en volgens die weervoorspelling lyk dit of die reuse kouefront ons Saterdag met koue winde en gepaardgaande reën behoort te bereik. Ses provinsies en Lesotho kan sneeu verwag en selfs Namibië kan gereed staan indien die sisteem op koers bly. Sneeuval is ook moontlik vir die

hoogliggende gebiede op die grens van die Vrystaat en Mpumalanga. Heilbron het al vantevore sneeuval gehad en hierdie is dalk net weer die geleentheid. Die weervoorspelling tot dusver wys nie net dat die front wel op roete bly nie, maar stadig sterker word en dit een van die mees gebeurtenisvolle winter naweke in 'n lang tyd kan wees. Die SAWS het gerapporteer dat dit 'n gevorderde voorspelling is, en veranderlikes soos die gebiede en hoeveelheid sneeuval waarskynlik op een of ander stadium sal verander. Die weervoorspelling dui aan dat Heilbron môre vanaf -2 tot 'n maksimum van 9 grade sal hê met bewolkte toestande. Deel met ons jou bibberweer foto's of inligting van die temperatuur, tyd en area van jou meting en wees dalk deel van volgende week se lekker-lees gemeenskapskoerant!

DEEL MET ONS
JOU
BIBBERWEER
FOTO'S



GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars

Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronerherald.co.za

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

Celéste herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Carlen heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

Silma heraldnuus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort
en Reitz asook op webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek

word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie
noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER TE 16243/2005 passed by NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY in favour of JESSIE NOMBUISELO TEKU, ID: 620723 0386 083 respect of certain ERF 4735 KWAKWATSI (EXTENSION 3), district Koppies, Province Free State which has been lost or destroyed. All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Heilbron this 30 day of June 2020.

(GET) AA SCHUTTE
CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
PO BOX 205, HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER TE 6493/2003 passed by NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY in favour of ANNA MAFATLE, ID: 170204 0084 089 in respect of certain ERF 729 PHIRITONA, district Heilbron, Province Free State which has been lost or destroyed.

All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Heilbron this 30 day of June 2020.

(GET) AA SCHUTTE
CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
PO BOX 205, HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

Sperdatum vir artikels en
advertensies vir die Heilbron Herald
is Woensdae om 10:00.

Latest Releases

Late-Nite Video
Heilbron

Jojo Rabbit
The Kitchen
Bad Boys for Life

Ina Lessing Jams
coming soon!

Kerkstraat 42 C / 42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

TE HUUR SMALLS

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof
en 2 oonde, gelisensieerde
kroeg beskikbaar.

Hannalie Claassen 079 040 0531

G

PLAASHUIS TE HUUR

Bel my gerus as u
belangstel.
Skakel
083 688 8256

K0718

HOUT & KOLE TE KOOP

• 50 kg kole
"nuts"
R110 per sak.
• Bondels hout
± 10-11kg
R20 per bondel.
Kontak
Dries
082 295 4442
Heilbron

K0717

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van
voer, vanaf sny
tot baal. 1.2m
bale (tou/net).
Velde of wen-
akkers. Petrus
Steyn, Heilbron
en Lindley.
Kontak Jaco
Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@
gmail.com

R

Raak deel van ons lekker-lees
gemeenskapskoerant en stuur vir
ons jou foto's van mylpale wat
bereik is, asook ander aktiwiteite.
Ons plaas dit graag. Vir enige
nuus wat jy graag met die lesers
wil deel, skakel
Silma 083 363 6553.

Ek is 'n onafhanklike man, bly alleen
in my huis en vra eerlike eensame
dames (±60 jaar) om my gerus te sms
by 079 217 1877.

K0719

gee hulle die voorlesing

Remediërende Terapie Studiemetodekursus

slim, behulp same metodes
en onthou-tegnieke
vir jong leerders
(1-dag kursus)

A+

Bréda Scheepers : 083 660 5873

**Andries
Muller**
072 447 7446
Vrystaat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK**

**COOL
BUFFS**

100% Polyester
Prolite Sport
Buffs

**NOU IN
VOORRAAD**

R85

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark-
en baalwerk.
Kontak
Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

R

GEMEENSKAPSNuus

VET TJEK GAAN EERSDAAGS "HOP"

Die manne met die dik tjekeboeke sal hulle eersdaags moet inruil vir die knoppies op die rekenaar – klink vergesog, maar daar is reeds beperkings gestel op die bedrag wat verhandel word.

R50 000.00 is die grootste bedrag wat per tjeke aanvaar word, so vertel die bankteller my nou die dag. Ek kyk hom vas in die oë en ek trek my skouers terug, staan weer regop uit my “jammer-ek-leef-houding”. Dankie, sê ek en draai om – iemand dink meer van my as my bankbestuurder.

Hy vertel dat die banke tjeks heeltemal uit die handel gaan onttrek omrede dit te duur geword het om dit te bedryf – alles moet tred hou met die tegnologie. Dit is vinniger, meer doeltreffend en veiliger.

Daar is reeds selfone en rekenaars wat daaglikse oorskakeling bedryf en baie manne en vroue is vertrouwd met die stelsel. Die tjekeboek wat 350 jaar in bedryf is – vanaf die 17 eeu – het betaling gerieflik gemaak.


Die tjeke het dikwels ook “gehop” wanneer daar nie fondse in die bank was nie en dit het eers

oor 'n paar dae op die lappe gekom. Die digitale betaling is dadelik. Jy weet onmiddellik of die bedrag oorbetal is.

Van geldwaarde gepraat – sien nou die dag aangeteken in my dagboek wat ek daardie jare nog as kliënt van my bank ontvang het – toe ek nie soos deesdae net 'n knoppie was nie – dat 'n ton geelmielies R513 boerprys was. Dit was in 1998. Nou na 22 jaar is die prys rondom R2 400. In die Herald van 1998 word 'n 1 liter melk vir R1.90 verkoop. Dit is seker hoekom tjeks nie meer gebruik word nie, want daar is nie meer skryfplek vir groot bedrae nie en R50 000.00 is kleingeld. Heelskaap in die slaghuys se prys was R13.30 per kg in 1998.

In 1886 was die Oranje Vrijstaat in Boerebeheer nadat die Engelse in 1854 afstand gedoen het. In 1877 tot 1880 het die Engelse weer besit oorgeneem en het dit bekend gestaan as Orange River Colony. Vanaf 1881 tot 1902 was dit weer Oranje Vrijstaat nadat Brittanje dit in 1902 geannekseer het en weer as Orange River Colony bestuur het.

Time Gentlemen – Tom Watson



OUTJEK VAN 1886: “Ounooi” - dit is nou skoonpa se dogter wanneer hy na haar verwy, was in die 1950-jare lid van Oranje Vrystaatse Provinsialeraad personeel en was gesetel by die Raadsaal in Bloemfontein. Daar waar gen. Christiaan de Wet op sy perd Fleur sit as hy nog nie ry gekry het nie. Hulle het skoonmaak en van al die ou rommel ontslae geraak. Sy het die gekanselleerde tjeke van 1886 gebêre ter nagedagtenis van die geskiedenis.



Op die foto links: Raadsaal in Bloemfontein

Foto bo: Uitnodiging

Nasionale kleure in atletiek



Carike Potgieter (foto links), St 9 leerling aan Hoërskool Heilbron het onlangs nasionale kleure, Springbokkleure in die ou taal, ontvang in atletiek. Sover bekend is sy die enigste leerling wat hierdie topprestasie behaal het. Carike neem op 18 en 19 Julie in Zimbabwe deel aan die Zimbabwe Kampioenskappe. Sy vertrek op 25 Julie na Frankryk saam met die Springbokspan van 37 lede om daar deel te neem aan die Junior Wêreldspele wat sal plaasvind vanaf 31 Julie tot 2 Augustus. Carike is 0/17 maar neem deel aan die 0/19 naelloop. Dit is inderdaad 'n uitstaande prestasie.

Nog 'n Springbok wat nou na vore gekom het is Wyle Luther Els wat SA verteenwoordig het in Jukskei.

PENSIOENARISSE MOET ONTHOU!

Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2020 begin het, moet othou dat aansoek vir die afslag gedoen moet word voor 31 Augustus 2020.

Om te kwalifiseer moet die applikant die eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie eienaar wees van meer as een eiendom nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R 7 850,00 per maand.

Kortings word as volg bereken: op inkomste van R0,00 tot R4 200,00 per maand: 100% op inkomste van R4 201,00 tot R4 660,00 per maand: 60%; op inkomste van R4 661,00 tot R7 252,00 per maand: 30% en op

inkomste van R7 253,00 tot R7 850,00 per maand: 15%.

Aansoekvorms vir die korting is by munisipale kantore beskikbaar en pensioenarisse wat hulp met die aansoek benodig is welkom om Raadslid Phillip van der Merwe van die Vryheidsfront Plus te Heilbron te kontak by 05885 22041. Dit word sterk aanbeveel dat die aansoek in duplikaat voorberei word sodat die munisipaliteit by indiening 'n ontvangserkenning op die duplikaat kan aanbring as bewys van ontvangs.

DEPRESSIEWE AFWYKING

• *Heilbron Kliniek*

WAT IS 'N DEPRESSIEWE AFWYKING?

Die lewe is vol emosionele wisselvallighede en elkeen word soms neerslagtig. Maar wanneer die “af” tye lank en aanhoudend is of 'n persoon se vermoë om tuis en by die werk te funksioneer, aantast, kan dit wees dat hierdie persoon aan 'n algemene, maar ernstige siekte ly, depressie.

Kliniese depressie beïnvloed 'n persoon se buie, gees, liggaam en optrede. Navorsing het getoon dat 5 - 6% van die bevolking in een of ander stadium van hulle lewe aan depressie ly, en amper twee derdes kry nie die hulp wat hulle nodig het nie.

Die behandeling kan die simptome in meer as 80% van die gevalle verlig. Omdat dit egter dikwels nie gediagnoseer word nie, veroorsaak depressie nog steeds onnodige lyding. 'n Depressiewe afwyking is 'n siekte van die “hele liggaam”, wat u liggaam, buie en gedagtes aantast. Dit raak die manier waarop u eet en slaap, hoe u oor uself voel en die manier waarop u dinge sien. 'n Depressiewe afwyking is nie dieselfde as 'n verbygaande “bedruktheid” nie.

Dit is nie 'n teken van persoonlike swakheid of 'n toestand wat met behulp van wilskrag of positiewe gedagtes verdwyn nie. Mense met 'n depressiewe siekte kan hulself nie eenvoudig “regruk” en beter word nie. Sonder behandeling kan simptome vir weke, maande of jare voortduur. Toepaslike behandeling kan egter die meeste mense wat aan depressie ly, help.

Simptome van Depressie Nie elkeen wat depressief is, ervaar elke simptome nie. Sommige mense ervaar 'n paar simptome, ander weer veelvuldige simptome. Die erns van die simptome verskil van individu tot individu. Tipiese simptome van depressie is soos volg: 'n Voortdurende gevoel van hartseer, onrus of “leegheid”. Gevoelens van hopeloosheid en pessimisme. Gevoelens van skuld, waardeloosheid, hulpeloosheid en selfverwyt. 'n Verlies aan belangstelling of plesier in stokperdjies en aktiwiteite wat u eens geniet het, insluitende seks.

Slapeloosheid, vroeg wakker word of laat slaap. Aptyt- en/of gewigsverlies of ooreet en gewigstoename. Verminderde energie, moegheid en 'n gevoel van “traagheid”. Verhoogde gebruik van drank en dwelms. Dood- of selfmoordgedagtes en selfmoordpogings. Rusteloosheid, irritasie, vyandigheid. Vind dit moeilik om te konsentreer, onthou en besluite te neem. Aanhoudende fisieke simptome wat nie op behandeling reageer nie, soos hoofpyn, 'n omgekeerde maag en chroniese pyn. Die agteruitgang van sosiale verhoudings.

Wat veroorsaak depressie? Net soos depressie talle vorme kan aanneem, het dit talle moontlike oorsake. Inderdaad word depressie altyd deur 'n kombinasie van faktore veroorsaak. Maar waarom word een persoon depressief terwyl 'n ander glad nie geraak word nie? Daar is geen duidelike antwoord

nie. Vir elke persoon is daar 'n ingewikkelde, individuele patroon van faktore wat saamwerk om depressie op 'n spesifieke tydperk toe te laat of te voorkom. Verhoudingsprobleme kan tot depressie bydra, so ook finansiële probleme, regsprobleme, aftrede of ander stresfaktore. Verdriet weens die dood van 'n geliefde kan tot volslae depressie ly, hoewel dit nie dikwels gebeur nie. Indien u familieleden het wat aan depressie gely het, beteken dit dat dit meer waarskynlik is dat u self daaraan sal ly. Fisiologiese of “biochemiese” faktore is vandag 'n interessante navorsingsgebied. 'n Wanbalans van breinchemikalieë wat neuro-versenders genoem word, dra tot depressie by. Nog 'n bydraende fisiologiese faktor kan 'n mediese siekte wees, insluitende beroerte, Cushing se siekte en skildklierprobleme. Verskeie soorte medikasie, soos behandeling vir hoë bloeddruk, pille vir geboortebepierking en steroïede (soos kortisoon) word ook dikwels genoem. Drank, dwelms, pynstillers en ander dikwels misbruikte stowwe is algemene oorsake van depressie.

Behandeling

Depressie is een van die geestes-siektes wat goed op behandeling reageer. Tussen 80 en 90% van alle depressiewe mense reageer op behandeling en amper alle depressiewe persone wat behandeling kry vind gedeeltelike verligting van hul simptome.


Benewens die vinnige vooruitgang van 'n begrip van die oorsake van depressie, is die wetenskaplike ook nader aan 'n begrip van hoe die siekte behandel word.

'n Volledige evaluasie gaan gewoonlik die behandeling vooraf om al die oorsake van depressie uit te sluit. Die behandeling sluit medikasie sowel as psigoterapie in. Kontak u naaste gesondheidsorgverskaffer vir verdere hulp.

BRIEWE AAN DIE REDAKTEUR

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Toe ek die stukkie oor “Sien jy spoke” laat plaas het, toe dink ek oor die woordjie bang (spoke sien). Daar is seker min mense wat nie in hulle lewe ook bang was nie, dan soek ons maar 'n “toevlugsoord”. Ek dink 'n kind belewe dit anders as 'n volwassene, hulle ken seker nog nie die woordjie twyfel nie. Hulle glo net dat 'n pa en ma sterk is en hulle te alle tye kan beskerm teen gevaar, min wetende dat hulle ouers in groot gevaar ook maar kwesbaar is, en nie 'n beter toevlugsoord het nie. Ai, ek onthou hoe vreeslik bang ek vir swaar donderweer was. Ek het as te ware al die donderweer vanaf Lindley gehoor en dan is ek wawyd wakker, en reguit in die nag na pa en mag gevul en by hulle in die bed geklim, en daár gebly tot alles verby was. En kon daardie jare die donderweer darem erg word, dan word dit sommer so donkerblou agter Elandskep, met aanhoudende donderslae en blitse, maar toe het dit darem heerlik gereën! Gelukkig het ek my vrees mettertyd ontgroe. Nou is die donderweer en blitse vir my wonderlik, dan beskou ek dit as 'n Gawe uit die Hand van die Here, wat reën stuur. 'n Ma, het ek gelees, het altyd vir haar kinders gesê as hulle bang was en na haar toe gevul het: “Julle het nie nodig om bang te wees nie, want Liewe Jesus hou die hele wêreld in Sy sterk Hande vas.” Charles Wesley was eenkeer verbaas gewees toe 'n klein mossie by sy oop venster in vlieg om te vlug vir 'n valk wat hom agtervolg het. Só het ons almal 'n toevlugsoord soms nog nodig en die Hemel daar vir ons oop is.



RUAN WEN OOK SY EERSTE HBA BEKER



Willem Loots (bestuurslid) het die pryse Saterdag aan winners oorhandig. Saam met hom vl: Pieter van Staden, Jackie Leonard en Ruan Minnie.

Die HBA maandbeker het 'n manier om die beste uit spelers te haal. Ruan Minnie het met uitstekende gholf sy eerste maandbeker gewen. Hy speel 'n netto telling van 68 houe. Hy wen ook saam met sy maat Willem Loots, hulle dubbelspel teen Pieter van Staden en Arnold Saayman. Die tweede en derde plek is ook bepaal deur 'n uitspeelputjie. Jackie se ervaring was te veel vir Pieter en wen hy

hom op die eerste valbylputjie. Albei op 73 netto geëindig.

Die bestuur beplan om die Bokkedag op 1 Augustus aan te bied, maar wag nog om te hoor of dit binne die Covid-19 reëls sal kan plaasvind. NG Suidkerk se dag sal ook moontlik later in Augustus aangebied word.

Die moeder van alle kouefronte is blykbaar die naweek op pad en is die manne dit eens dat dit nie 'n goeie gholfnaweek kan wees nie. Die Julie mug is geskuif na volgende naweek, maar vir die braafste manne sal die klub oop wees vir spel. Inskrywings is vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.

Groot skade is aan die jagbedryf aangerig weens die inperking van die Covid-19 virus. Die bedryf en uitdun van wild dra ongeveer R19 miljard by tot die land se ekonomie en stimuleer ook die plattelandse ekonomie. Die jagbedryf het heeltemal tot stilstand gekom en die impak daarvan is baie groot. Talle kleiner ondernemings in plattelandse dorpe maak staat op die inkomste wat hulle uit hierdie bedryf maak. Dit sluit onder meer ondernemings soos gastehuisse, slaghuise, taksi-dermie, looierye, internet-diensverskaffers, jagwinkels,

JAGBEDRYF STIMULEER EKONOMIE

klerewinkels, uitvoeragente en speserywinkels in. Heilbron se wildboere het ook daaronder gelei. Jagtyd word tans toegelaat, maar die plaaslike biltongjag sal nooit kan vervang wat die buitelandse trofeejag aan die land gebied het nie. As jy 'n geleentheidsjagter is wat so elke paar jaar met 'n geweer op die plaas kom, is 2020 weer die ideale tyd hiervoor. Gebruik ook die geleentheid en neem deel aan Heilbron Herald se jagers foto-kompetisie, gaan na ons Facebook-blad vir meer inligting. Intussen is skietbane steeds gesluit en die voorstelle wat betref Sportskiet is nou by die Minister. Dit lyk of dit enige dag goedgekeur kan word en blyk dit of daar slegs een stel aanwysings en maatreëls sal wees vir al die onderskeie Sportskiet items.

44 Els Street
HEILBRON
Tel: 058 852 3033

Herald
Office National

PASS
POLAROID ROUND FULL TOUCH WEARABLE ACTIVE WATCH
R999

PATS
POLAROID SQUARE FULL TOUCH WEARABLE ACTIVE WATCH
R749

PASS
POLAROID FITNESS WATCH WITH SINGLE TOUCH
R549

PERWISTEL
POLAROID BOUNCE LADIES BLUETOOTH BEANIE (BLUE)
R299

LIMITED STOCK

All Prices Include VAT - Prices valid until 13/07/2020 Call us now to place your order

HERALD

SPORT



WINKELURE:
Maandae -
Donderdae
07:30 tot 17:00
Vrydae:
07:30 tot 16:30
Saterdag:
09:00 tot 13:00

Bambi
TutusCool Tutus

Inhoud vir 'n volle maand!

Stel in eweklingswinkels vir jou kind (2-6 jaar) met seker te maak dat hy op standerd, Mammie-gevoellike, slim-olies in jou tegniek-boks.

Maandag Cool Moodman / 084 765 5112

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige
Lewendehawe bemaking,
Uit-die-hand-transaksies of
veiling navrae!

www.hugogroenewald.co.za

11 Halkberruut 97,
Frankfort, 9810

Net: 082 569 7205

Kantoor: 084 813 1067

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

www.hugogroenewald.co.za

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 14 JULIE 2020

KLIEKESCHIP Weeklike veiling

Kontak: Fanie Nel 083 326 3060

VEERENKING Weeklike veiling

Kontak: Frank Pieterse 079 560 7000

DONDERDAG - 16 JULIE 2020

FRANKFORT Weeklike veiling

Kontak: Markus Linde 079 629 1714

KROONSTAD Weeklike veiling

Kontak: Schalk Joubert 079 907 0022

VRIDE: CHARFONTEIN DOOR MEMMO STOEI

1100, Memmo, Vrede

Kontak: Paul de Bruyn 079 862 1130

VRIDAG - 17 JULIE 2020

STANDERTON Weeklike veiling

Kontak: Roelof Hoozem 082 342 1802

POTCHEFSTROOM Weeklike veiling

Kontak: Ruan Nort 079 154 5040

SATERDAG - 18 JULIE 2020

MEMMO: TYDERFONTEIN MEMMO'S

200 Marbury

1100, Tyderfontein, Memmo

Kontak: Wenzel Wenzel 082 560 1300

www.bkb.co.za

BKB Louwid NOORD: 2005/026175/07

Postbus 220, Frankfort, 9810

Tel: (058) 813 1071, Faks: (058) 813 2317

e-pos: frankfort@bkb-louwid.co.za

